

Liewe leesgenoot

## In die September nuusbrief:

*Karoolug is kragtig  
Klonte Sout en Straatspan*

Elsabé akkordeer baie goed met Karoolug, -sneeu, -stille, -bossies en selfs die Karoowind. Ek skryf en skilder na hartelus, maar sukkel om by die werkdeel van die beroep uit te kom, naamlik bemarking! Enige iemand wat 'n werkjie soek? 😊😎



## DRAMA MOORD VERRAAD ROMAN

**Klonte Sout** se publikasie lê en loer by die deur, wagtend vir toestemming om gedurende Oktober 2021 die wêreld te betree.

Ek is besig met die laaste deurlees en die lokprent is in proses. Ek stuur dit eersdaags vir julle.

Aankoopprys: R230 sagteband (posgeld uitgesluit)  
R90 e-boek

## A A N B O D net vir Nuusbriefintekenaars (jy!)

Die eerste 10 nuusbriefintekenaars wie se betaling ek ontvang, kan Klonte Sout se sagteband bestel teen R150 (onder kosprys, R60 posgeld uitgesluit) of R50 vir die e-boek.

Slegs 1 kopie per persoon en SLEGS as jy kans sien vir die volgende:

*In ruil vir die aanbod, vra ek dat jy so gou moontlik ná ontvangs van Klonte Sout, dit sal lees en 'n resensie stuur.*

### **Aanbod verval op 2 Oktober 2021.**

('n Resensie is NIE terugvoer om my ego 'n hupstoot te gee nie, maar eerder jou kritiese analise en/of eerlike evaluering ten opsigte van kwaliteit en inhoud van die boek. Ek het al baie geleer uit kritiek in die verlede.)

Kort na die 2e Oktober, sal 'n volgende aanbod op Facebook én na julle eposse gestuur word, vir R185 per boek en R70 vir die e-boek. Aantal per persoon is onbeperk, jou Kersgeskenk vir familie en vriende kan 'n Klonte Sout wees! 😊

## STRAATSPAN

Die Straatspan is 5 lesers wat betrokke bly by die skrywer se vordering, resensie skryf, bemarkingsmateriaal help versprei op sosiale media en saam dink aan idees wanneer 'n boek bekendgestel word. Daar is soveel standaard prosedures vanuit skrywer geleedere, maar ek glo lesers kan help met vars, prettige planne.

Ek mag dalk die span se hulp vra tydens die skryf van 'n boek, byvoorbeeld: my karakter moet normaal voorkom, maar onder die radar die vreemdste stokperdjie, wat mense sal skok, beoefen.

Ek sou graag vir die span 'n voorblad van 'n nuwe boek wil stuur en jou insette vra.

Watter voordeel trek jy hieruit? Goeie vraag.

*Gratis boeke. Byna alles wat ek uitgee, of dit nou 'n kortverhaal, 'n bundel, 'n roman of iets anders is, ek stuur dit gratis aan jou. Daarmee saam, soos geleenthede hom voordoer, 'n verrassing in die pos vir die span wat my hande vat.*

Trek hierdie gedagte jou aan? Neem dus die sprong. Daar is nie veel toewyding van jou nodig nie, behalwe om 'n resensie te gee vir die (gratis) boeke wat jy ontvang, en om 'n toegewyde lid van die Straatspan te wees!

Skryf aan my by [skryf@elsabewelman.co.za](mailto:skryf@elsabewelman.co.za).

Indien jy die vorige nuusbriewe misgeloop het, gaan loer op my webwerf by hierdie skakel: <https://www.elsabewelman.co.za/news>

Om te UNSUBSCRIBE: reply met UNSUBSCRIBE in die onderwerp-veld. Geen rede is nodig nie.

Groetnis!